

## Sing vooraf: Skrifberyming 1-1:1

- 1 Geseënd sy bo alle dinge / die ewige God en Vader! Hy  
het in die hemel seëninge / vir ons in Christus toeberei.  
Na die besluit, uit Hom gebore / en ewig in sy wese vas,  
het Hy in Christus ons verkore / voordat daar tyd of wêreld was.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Lofpsalm 33:11 (p. 161)

- 11 In God, dié God wat ons beveilig, / voel nou ons hart opnuut verblyd;  
en op sy Naam, ontsaglik heilig, / vertrou ons tot in ewigheid.  
Goedertieren Vader, / hoor ons as ons nader / met 'n diep ontsag;  
slaan ons gunstig gade, / skenk ons u genade / as ons op U wag!

Geloofsbelydenis: Nicea

*Na die wet antwoord ons daarop met Psalm 4:3 (p. 15)*

Wet

Psalm 4:3 (p. 15)

- 3 Wil jul aan Hom 'n offer gewe? / Die offer wat die HEER aanskou,  
is in opregtheid reg te lewe, / en Hom alleenlik aan te klewe, / op Hom alleen jul hoop te bou.  
Hoe baie vra terneergeboë: / Waar vind ons ooit die ware goed?  
Verhef oor ons u Vaderoë, / sien op ons neer in mededoë, / verlig ons hart en ons gemoed!

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

**Amen.**

Psalm 89:1 (p. 444)

- 1 Van goedertierenheid sal ek vir ewig sing, / en aan u trou, o HEER, altyd my hulde bring;  
want soos 'n tempel wat op vaste grond verrys het, / so rys die ewige guns wat U aan ons bewys het;  
en soos die hemelboog nooit uit sy stand sal wyk nie / so seker sal u trou nooit wankel of beswyk nie.
- 11 Hy sal dit uitroep: Heer, U is my Vader trou, / my God, my Rots van heil waar ek alleen op bou.  
Hy is vir My 'n seun tot hoogste rang gebore, / wat Ek tot koning van die konings het verkore.  
Vir hom bly my verbond vir altyd vas en stewig, / my goedertierenheid bewys Ek hom vir ewig.

Skriflesing: 1 Johannes 4

Teks: 1 Johannes 4:19; Kategismus Sondag 46

**Ons het Hom lief, omdat Hy ons eerste liefgehad het.**

(1 Johannes 4:19 AFR1953)

Dis nie enige mens wat hierdie belydenis kan maak dat hy die Here liefhet nie!

Jy moet 'n baie diep geloof hê om by jou familieregister te kan verbykyk en die Here as jou hemelse Vader te kan sien en ken! Van so 'n gelowige is Jesaja 'n voorbeeld:

**Want U is ons Vader! Want Abraham weet van ons nie, en Israel ken ons nie. U, o HERE, is ons Vader; ons Verlosser is van ouds af u Naam.** (Jesaja 63:16 AFR1953)

Dis nie asof hierdie saak net in die Ou Testament geopenbaar word nie. In die Nuwe Testament word presies dieselfde herhaal:

**En julle moet niemand op die aarde julle vader noem nie, want een is julle Vader, Hy wat in die hemele is.** (Matteus 23:9 AFR1953)

Verder vra hierdie stuk van ons geloof dat ons as 't ware deur die tyd kan sien in die ewigheid in – in die geesteswêreld in waar God woon. Want ons moet met 'n volle geloof sy blyplek kan bely, naamlik dat Hy in die hemele woon!

**Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik.** (Matteus 5:16 AFR1953)

Moderne mense sal dadelik vasskop en stry. Die argument sal dan wees dat ons mos 'n duidelike geslagsregister het van wie ons voorouers is.

- Van die aarde se kant af is dit waar.
- Maar dit is net iemand wat 'n baie lewende band met God het wat kan verstaan dat ons nie net deel is van die fisiese wêreld nie – ons is ook deel van die geestelike wêreld.
- Al word ons op die aarde uit mense gebore, is daar 'n Mag wat baie lank terug al die presiese kom en gaan van elke mens beplan en bepaal het – dit is die Drie-Enige God.
- Hy het as Skepper besluit dat ons meer sal wees as net skepsels – ons sal sy kinders wees.

**Kyk wat 'n groot liefde die Vader aan ons bewys het, dat ons kinders van God genoem kan word! Om hierdie rede ken die wêreld ons nie, omdat dit Hom nie geken het nie.** (1 Johannes 3:1 AFR1953)

Die Drie-Enige God het nie net 'n raadsplan opgestel en alles net daar gelaat sodat dinge nou maar op hulle tyd moet gebeur nie.

- Hy self het in sy tweede Persoon aarde toe gekom en ons sondeskuld versoen.
- MAAR hy het nie sommer enige iemand se sondestraf gedra en versoening met God bewerk nie!
  - Hy het slegs vir die groepie dit gedoen wat die Vader Hom gegee het – met ander woorde vir wie Hy opdrag gekry het om vir hulle te sterf.
  - Ons lees dit in Johannes 17:6:

**Ek het u Naam geopenbaar aan die mense wat U My uit die wêreld gegee het. Hulle het aan U behoort, en U het hulle aan My gegee, en hulle het u woord bewaar** (Johannes 17:6 AFR1953)

Dit verklaar waarom baie mense die evangelie van verlossing hoor, maar hulle kan dit nie verstaan nie en ook nie insien nie.

- Dis dieselfde mense wat nie God as Vader het nie!
- Hy is hulle Skepper, maar nie hulle Vader nie.
- Die rede daarvoor is dat God nie aan hulle die verlossing deur die Here Jesus openbaar nie, en hulle dit dus nie kan verstaan en aanneem nie!
- Luister wat sê die Here Jesus:

**Alles is aan My oorgegee deur my Vader; en niemand weet wie die Seun is nie, behalwe die Vader, en wie die Vader is nie, behalwe die Seun en hy aan wie die Seun dit wil openbaar.** (Lukas 10:22 AFR1953)

Weet ons wie is die mense vir wie die Here Jesus gesterf het?

- Ja, ons weet. Daardie mense soek die Here Jesus vanself op.
- Baie prakties gestel: Hulle kom tot bekering en hulle glo in die Here Jesus en hulle soek Hom op (met hulle totale lewe!).

**Al wat die Vader My gee, sal na My toe kom; en Ek sal hom wat na My toe kom, nooit uitwerp nie.** (Johannes 6:37 AFR1953)

Let op na die belofte wat die Here Jesus maak:

**en Ek sal hom wat na My toe kom, nooit uitwerp nie.**

- Daar is niks waar van die soort van redenasie wat sê: “Sê nou maar net ek wou glo, maar die Here het my nie uitverkies nie!”
- As iemand die Here Jesus opsoek en bely, gaan die Here Jesus hom nooit in die hel gooi (uitwerp!) nie.

Die Raadsplan van God dat die Here Jesus deur God gestuur gaan word om 'n mens te word en God se enigste eie menslike kind te wees, word in die Ou Testament al geopenbaar.

(89:28) **Ja, Ek sal hom 'n eersgeborene maak, die hoogste onder die konings van die aarde.**  
(Psalms 89:27 AFR1953)

Hier op aarde het Hy vir ons sondes gesterf. Die “ons” is die wat glo dat Jesus God is wat mens geword het omdat Hy deur die Vader gestuur is!

- Dis ook net daardie mense wat God as Vader het – Hy het hulle lief as sy kinders.  
**want die Vader self het julle lief, omdat julle My liefgehad en geglo het dat Ek van God uitgegaan het.** (Johannes 16:27 AFR1953)

Dis baie troosryk om te weet dat ek God my Vader mag noem omdat Hy dit is!

- Maar alle kinders het verantwoordelikhede wat hulle teenoor hulle ouers moet nakom.
- In die Vader-kind-verhouding tussen ons en die Here is dit presies so. Hy verwag van ons om te wees en op te tree soos wat Hy is:

**Wees julle dan volmaak soos julle Vader in die hemele volmaak is.**  
(Matteus 5:48 AFR1953)

Daar is natuurlik baie kansvatters in die lewe! Hulle is in die kerk ook!

- Dis die mense wie se name op die kerk se boeke geskryf staan, maar aanbidding is iets baie skaars in hulle lewens!
- Hulle behoort soms op so 'n manier aan die kerk dat mens eintlik sou kon sê dat hulle in die Here se geheime diens is, want jy sien hulle nêrens waar die kerk van die Here beweeg nie.
- Hulle lewe oortuig ook nie altyd nie, want hulle lewens is dikwels deurspek van dinge wat voorkom by mense wat nie verlos is nie, soos selfsugtigheid, bakleierigheid, haat, drankmisbruik, gevloekery en wat nog alles!

Daarom is dit nie vreemd dat die Hemelse Vader ruitelik verklaar dat sulke mense nie sy kinders is nie – want hulle het nie toegang tot sy koninkryk nie!

**Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is.**

(Matteus 7:21 AFR1953)

Ongehoorsaamheid in watter opsig ook al word nie deur God verdra nie!

- Ons lees in die Hebreërbrief 'n verwyting dat ons tydens ons aardse lewe kon luister na die opvoeders wat ons geslaan het as ons stout was, en dat ons juis daarom baie meer en ernstiger moet luister na God die Vader.
- Opvallend noem die Bybel die Here daar die Vader van die geeste – ons word dus in hierdie opsig ook onder die geesteswêreld ingereken!

**Verder, ons het ons vaders na die vlees as kastyders gehad, en ons het vir hulle ontsag gehad; moet ons nie veel meer aan die Vader van die geeste onderworpe wees en lewe nie?** (Hebreërs 12:9 AFR1953)

Wat beteken al die dinge dan nou vir ons wat nou lewe?

- Dit beteken dat ons toegang het tot die ewige en almagtige God – baie besondere toegang. Hy is my/ons hemelse Vader.
- Ons kan kinderlik by Hom gaan troos soek en gaan vra vir enigiets wat ons nodig het.

Ons kan ook weet dat Hy as ons hemelse Vader ons gebede beter sal verhoor as wat ons aardse vaders die dinge wat ons as kinders gaan vra het, vir ons gegee het. Luister net weer na 'n paar dinge wat die Here sê:

**Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus, die Vader van ontferminge en die God van alle vertroosting,** (2 Korintiërs 1:3 AFR1953)

**Elke goeie gif en elke volmaakte gawe daal van bo af neer, van die Vader van die ligte, by wie daar geen verandering of skaduwee van omkering is nie.**

(Jakobus 1:17 AFR1953)

**een God en Vader van almal, wat oor almal en deur almal en in julle almal is.** (Efesiërs 4:6 AFR1953)

Kom ons lees saam wat ons van ons hemelse Vader bely in ons belydenis – die Heidelbergse Kategismus Sondag 46:

***Vraag 120: Waarom het Christus ons beveel om God as ons Vader aan te spreek?***

***Antwoord:*** Sodat Hy heel aan die begin van ons gebed in ons die kinderlike vrees en vertroue op God sal wek. Dit moet die grond van ons gebed wees, naamlik dat God deur Christus ons Vader geword het, en dat Hy ons veel minder dit wat ons van Hom in die geloof bid, sal weier as wat ons vaders aardse dinge ons ontsê (a).

(a) Matt 7:9-11; Luk 11:11-13.

***Vraag 121: Waarom word hier bygevoeg: wat in die hemel is?***

***Antwoord:*** Sodat ons van die hemelse majesteit van God nie aards moet dink nie (a) en van sy almag alles verwag wat ons vir liggaam en siel nodig het (b).

(a) Jer 23:23, 24; Hand 17:24, 25, 27. (b) Rom 10:12.

**Amen.**

Slotgebed

Psalm 103:7 (p. 505)

7 Geen vader wat, deur smartgevoel bewoë, / sy kind aanskou met teerder mededoë  
as Isr'els HEER die wat Hom eer en vrees. / Hy weet wat van sy maaksel is te wagte,  
hoe swak van moed, hoe klein ons is van kragte, / en dat ons stof van jongs af is gewees.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis  
Gereformeerde Kerk Bellville  
Datum: 28 September 2008